LYNNWOORDE

12 JANUARIE

09:00 Erediens

Quintus Smit

09:30 Lynnwood Oord-diens

Michiel Botha

18:00 Aanddiens

Eric Scholtz

19 JANUARIE

09:00 Erediens

Immanuel van Tonder

Kategese gr 1-6

Registrasie en opening.

Geen Kleuterkerk a.g.v. Nuwejaarstee

18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe

Jeanri Bezuidenhout

Registrasie en opening.

19:00 Belydenisklas

Opening.

Voorbidding:

Arie Minnaar, Lynnwood Oord huis 91, The Hillside – oorlede. Gedenkdiens 14 Januarie 2020 om 10:30 in die kerk.

Braam van Wyk, Kings Highway 380E, Lynnwood, 012 361 2420 – Drika oorlede. Gedenkdiens was 9 Januarie 2020 in die kerk.

Riaan en Maria Prinsloo en familie, 073 141 4419 – Maria se ma, Betsie Lombard, St. Peters Garden Estate D102, Jacqueline Drive 457, Garsfontein, oorlede. Gedenkdiens 20 Januarie 2020 om 11:00 in die kerk.

Die week se kalenderaktiwiteite

Woensdag:	**Skole open.**
	Kleingroep vir Mammas met babas en kleuters 10:00 – 11:30 (in die jeugsentrum) – Liesel Strasheim 082 344 4323 / Marina de Wet 082 505 2616. Kontak gerus vir Marina indien jy ondersteuning wou ontvang of sommer net gesels.
	Gasvryheidsbediening vergadering 17:00 (A21).
	Kerkraadagenda sluit.
Donderdag:	**Bybelstudie** 09:30 (Lynnwood Oord) – Michiel Botha.
Vrydag:	**Gebedsgroep** 09:30 (B5). Hanthi 083 293 0263 | Peet 079 893 5572 met gebedsversoeke.

Só sou dit anders kon wees

In die Westminster-abdy in Londen staan dié woorde na bewering op die grafsteen van ’n onbekende Anglikaanse biskop:
“Toe ek jonk en vry was en my verbeelding geen perke geken het nie, het ek gedroom hoe ek die wêreld wou verander. Soos ek ouer en wyser geword het, het ek agtergekom dat die wêreld nie sal verander nie.
“Toe het ek my droom effens ingeperk en besluit om net my land te verander. Maar ek het daarmee ook geen sukses gehad nie.
“In my herfsjare het ek nog een laaste poging aangewend om dinge te verander. Ek het min illusies oorgehad en besef dat ek tevrede sou moes wees om net my gemeente, of selfs net my gesin, te verander. Maar hulle wou niks daarvan weet nie.
“En nou, terwyl ek op my sterfbed lê, begryp ek, te laat: As ek maar net by myself begin het, sou ek dalk deur my voorbeeld my gesin en ’n paar gemeentelede kon verander. Met hulle inspirasie en bemoediging sou ons dalk ons land kon help verander. En wie weet, miskien sou ons selfs iets aan die wêreld kon doen.”

Die wysheid in hierdie woorde vervat, kom baie ooreen met Jesus se woorde in Lukas 6:42: “Jy wat die balk in jou eie oog nie raaksien nie, hoe kan jy vir jou broer sê: ‘Broer, laat my toe om die splinter in jou oog uit te haal’? Huigelaar! Haal eers die balk uit jou eie oog uit, dan sal jy goed kan sien om die splinter in jou broer se oog uit te haal.” Hierdie woorde van Jesus kom ook daarop neer dat verandering eers by onsself begin. Ek moet verander voor ek ander wil verander.

Ons wat so ’n groot behoefte aan verandering in ons gemeenskap en land het, moet ons dalk in 2020 aan bogenoemde wysheid steur…

Groete

Eric Scholtz
(Namens die predikantespan)

Douw Steyn, Lynnwood Oord ws 1, The Hillside 315, Lynnwood, 012 361 2308/083 299 5076 was op 3 Desember 93 jaar oud. Michiel Botha het oom Douw geluk gaan wens.

Arie Minnaar, Lynnwood Oord huis 91, The Hillside 315, Lynnwood, was op 15 Desember 95 jaar oud. Michiel Botha het oom Arie geluk gaan wens. Oom Arie is op 29 Desember 2019 oorlede.

Georgie McIntyre, Queens Crescent 394, Lynnwood, 012 361 4929/082 787 6655, was op 19 Desember 92 jaar oud. Peet Crous het haar geluk gaan wens.

Dirkie Gunter, Haven Village 42, Emmie Hartmanstraat, Garsfontein 012 361 7369 was op 22 Desember 91 jaar oud. Peet Crous het haar geluk gaan wens.

Peet Crous het op 1 Desember vir Milan Beyers, dogtertjie van Jurie en Lilani, by Galagos Country Estate gedoop.

WhatsApp gerus foto's aan
063 481 3864

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder of elektroniese oorplasing.
Bankbesonderhede:
NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing) en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za of *Snap Scan*.

Met groot waardering aan dié week se Lynnwoorde borg! Adverteer hier en borg so die week se kontak. Eenmalig, die grootte @ R350. Advertensies wat nie bots met die gemeente se program en waardes nie, sal oorweeg word. Stuur 'n e-pos aan kerkkantoor@nglynnwood.co.za

SOEK WERK

My huishulp, 'n dame van 54 jaar, werk Dinsdae en Vrydae vir my. Sy soek werk vir die ander 3 dae. Was vir 14 jaar voltyds in diens by een van my vriendinne. Die vriendin het verhuis na die Kaap. Aangename rustige persoonlikheid; werk uitstekend; TOTAAL BETROUBAAR.

My tuinman, 'n Malawiër - slegs Engels magtig - werk ook Dinsdae en Vrydae vir my. Hy is na my verwys deur 'n buurman. Fluks, deeglik, BETROUBAAR, goeie sin vir humor.

NAVRAE: Marita Op't Hof
Januarie 2020
083 459 4558

Aansoeke vir belydenisaflegging op 9 Februarie 2020 sluit op 2 Februarie. Indien jy nog nie jou vorms ontvang het nie, kontak asseblief die kerkkantoor 012 348 1245 of kry dit by die Info-toonbank na die oggenddiens.